

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA.

S.A. MUNT.

Verwysing : 16/3/3 (20)

Visagiestraat 103,

Posbus 464,

PRETORIA.

25 Januarie 1966.

Die Sekretaris van Finansies,
Uniegebou,
PRETORIA.

JAARVERSLAG VAN DIE DIREKTEUR VAN DIE
SUID-AFRIKAANSE MUNT VIR 1964/1965.

Ek wens hiermee my verslag oor die bedrywigheide van die S.A. Munt gedurende die boekjaar 1 April 1964 tot 31 Maart 1965 voor te lê.

INLEIDING.

'n Gebeurtenis van belang vir die S.A. Munt was die oordrag van die Ammunisietak na die Krygstuigproduksieraad met ingang 1 Desember 1964. Voorsiening hiervoor is gemaak in die Krygstuigproduksiewet No. 87 van 1964. Hierdie verslag is dus die laaste een wat oor die Aanmuntings- sowel as die Ammunisietak handel. Voordat die oordrag finaal afgehandel kon word, moes al die rekords van mekaar geskei word. Dit was 'n groot en ingewikkelde taak, maar een wat uiteindelik met sukses afgehandel is, danksy die toewyding, ywer en ondernemingsgees wat deur die amptenare van die S.A. Munt en die Krygstuigproduksieraad aan die dag gelê is.

HOOFSTUK 1. FINANSIEËL.
(Aanmuntings- en Ammunisietak.)

Uitgawes: Inkomstepos 14.

Daar was 'n vermeerdering van 27.26% vergeleke met die vorige jaar.

Die vergelykende syfers vir die afgelope twee jaar is soos volg:-

Boekjaar.	Bedrag.	Persentasie vermeerdering of vermindering teenoor vorige jaar.
1963/64	2,666,148	123.60 Vermeerdering
1964/65	3,392,963	27.26 Vermeerdering

Omset.

Daar was 'n vermeerdering van ongeveer 17.25% in die omset in vergelyking met die vorige jaar. Die volgende staat toon die vermeerderings en verminderings ten opsigte van die verskeie soorte produkte:-

Vergelyking van Jaarlikse Omset.

Boek- jaar	Aanmuntingstak		Ammunisietak		Totaal
	Munt.		Diverse Produkte	Alle Produkte	
	S.A. Munt (a)	Proef			
1963/64	R 1,320,854	R 136,293	R 1,307,175	R 1,628,917	R 4,393,239
1964/65	R 1,889,105(b)	R 202,093	R 1,649,264	R 1,410,451(c)	R 5,150,913

- (a) Benewens die muntstukke wat vir sirkulasie in die Republiek verkoop is, is die volgende nuwe munt uitgereik ter vervanging van verslete S.A. Munt wat aan sirkulasie onttrek is:-

800 Standaard silwermunt.

1963/64 R286,998 1964/65 R105,560

Bronsmunt (£.s.d.)

1963/64 R110,021 1964/65 R 22,721

- (b) Sluit kupro-nikkel muntstukke in ter waarde van R455,743 wat vir die Reserwebank van Rhodesië gemunt is.
- (c) Hierdie omset is slegs vir die 8 maande 1 April 1964 tot 30 November 1964 aangesien die Ammunisietak op 1 Desember 1964 na die Krygstuigproduksieraad oorgeplaas is.

HOOFSTUK 2 : PERSONEEL.

Die totale personeel het van 1185 verminder na 576. Dit is grootliks toe te skrywe aan die oorplasing van die Ammunisie-tak na die Krygstuigproduksieraad met ingang van 1 Desember 1964. In die onderstaande vergelykende tabel word besonderhede van die veranderings ten opsigte van die verskillende kategorieë aangetoon.

Ontleding van Personeel in diens:

(1) Kategorieë.

Kategorieë (a) tot (e) is vaste poste wat deur permanente beamptes gevul is; (f) tot (o) sluit in beide vaste en tydelike personeel.

Kategorieë	Aantal persone soos op	
	31.3.65	31.3.64
(a) Administratief	9	9
(b) Vakkundig	—	7
Tegnies	6	17
Klerklik	25	20
Algemene Afdeling (A & B) (uitsluitende die ander items (g) - (i))	9	12
(f) Tydelike werknemers teen vaste poste in kategorieë (a) - (e)	20	8
(g) Ondervoorman & Spesiale Vakman	11	21
(h) Ambagsmanne & Gereedskapmakers	37	58
(i) Manlike Operateurs	47	140
(j) Vakleerlinge	3	12
(k) Vroue Operateurs & Opsigters	128	440
(l) Hekwagte, Beskermingsbeampes, Verpleegster en Motorbestuurder	23	20
(m) Bantowagte en Voorjongens	35	52
(n) Bantoebode en Bantoe Vroueskoonmakers	15	19
(o) Bantoe-arbeiders	208	350
	576	1185

(ii) Personeelomset:

'n Totaal van 383 persone is aangestel, terwyl die dienste van 312 beëindig is.

(iii) Vernaamste personeelveranderings:

- Mnr. J.J. Groenewald, Hoofinspekteur van Fabriek, Departement van Arbeid, is met ingang van 1 Maart 1965 bevorder tot die pos van Direkteur van die S.A. Munt in die plek van mnr. G.J. Malan, wat op 1.12.64 diens aanvaar het by die Krygstuigproduksieraad.
- Mnr. L. Dalton, Rekenmeester Gr. I, het op 1.12.64 diens aanvaar by die Krygstuigproduksieraad.
- Mnr. C. Booysen van die Departement Gemeenskapsbou is met ingang van 2 Januarie 1965 bevorder tot die pos van Rekenmeester, Gr. I, wat deur mnr. L. Dalton ontruim is.
- Mnr. J.J. Swart van die Departement van Lande is met ingang van 1 Junie 1965 na die rang van Administratiewe Beampte bevorder en met ingang van 1 Julie 1965 na die Personeelkantoor van die S.A. Munt oorgeplaas.
- Mnr. L.J. Johnson, Eerste Vakkundige Beampte, is op 21 Maart 1965 oorlede.

(iv) Besoekers:

'n Totaal van 3,741 besoekers (1,400 volwassenes en 2,351 skoliere - blank en nie-blank) het die S.A. Munt besoek; dit is 281 minder as in die voorafgaande jaar. Onder die volwassenes was 73 oorsese besoekers.

HOOFSTUK 3 : GOUD.

Goud.

Basiese verkoopprijs van goud.

Die basiese prys van goud het konstant gebly teen R25.10 per fyn ons plus 1% (die basiese prys plus $\frac{1}{2}\%$ word aan die S.A. Reserwe Bank betaal).

Die voorbereidingskoste vir korrels en tandgoud het onveranderd gebly.

Goue Muntstukke.

'n Totaal van 6,000 goue proefmuntstukke (3,000 stukke van R2 en 3,000 stukke van R1) is geslaan vir verkoop in 2,000 proefmuntstelle van 9 muntstukke (R2 - $\frac{1}{2}$ c) en 1,000 proefmuntstelle van 2 muntstukke (R2 - R1).

Benewens bogenoemde is 4,994 nie-proef R2-muntstukke en 6,866 nie-proef R1-muntstukke vir verkoop gemunt.

HOOFSTUK 4 : MUNTkantoor.

Goudtransaksies.

Daar was 'n algemene styging van ongeveer 10% in die totale gewig van goud transaksies in vergelyking met die van die vorige boekjaar.

Gewig van goudtransaksies in 1964/65 vergeleke met 1963/64.

Verskillende karaan gehaltes na fyn ons troy herlei:

	1964/65	1963/64
Van S.A. Reserwe Bank ens. ontvang	45,995.70	47,120.76
Korrel- en tandheelkundige goud verkoop	48,842.54	36,396.47
Medaljes, draad- en plaatgoud verkoop	236.42	152.90
Gewig van R2 en R1 muntstukke	3,043.67	2,094.00
Na Stempel- en Medalje-afdeling oorgeplaas	324.16	630.81
Van Stempel- en Medalje-afdeling ontvang	133.07	616.26
Na Aanmuntingsafdeling oorgeplaas	-	4,802.64
Van Aanmuntingsafdeling ontvang	-	361.06
	98,575.56	92,174.90

Benaderde waarde teen basiese prys van R25.10 per fyn ons

R2,474,246

R2,304,372

Silwer Transaksies.Gewig van Silwertransaksies na fyn onse troy herlei:

	1964/65	1963/64
Van Rand Raffinadery en persone gekoop	1,156,756.32	1,160,572.56
Munt uit omloop onttrek (800 STD)	70,771.78	400,845.67
Korrels en strook verkoop	358,127.08	353,132.99
Medaljes en ander artikels verkoop	12,121.55	12,334.47
Aan Stempel- en Medalje-afdeling uitgereik	9,306.08	7,228.13
Van Stempel- en Medalje-afdeling ontvang	-	244.45
Aan Aanmuntings-afdeling uitgereik	841,767.48	1,415,272.00
Van Aanmuntingsafdeling ontvang (nie munt nie)	49.95	49,899.35
Muntstukke van Aanmuntingsafdeling ontvang	1,145,187.64	1,530,376.92
Vir verskillende legerings uitgereik	5,016.65	2,963.38
	3,599,104.53	4,932,869.92

Aankoop van Silwer.

Ongeveer 1,154,000 onse fyn silwer is van die Rand Raffinadery aangekoop, hoofsaaklik vir die vervaardiging van silwermunt en korrels.

Basiese verkoopprijs van silwer.

Die Munt was genoodsaak om, met die goedkeuring van die Tesourie, sy basiese verkoopprijs van silwer te wysig ooreenkomstig die styging en daling in die buitelandse markprijs. Dit het gewissel van 90 sent tot 94 sent per fyn ons.

Munt ontvang en uitgereik.

Die Munt het cupro-nikkel vir Rhodesië vervaardig terwyl daar 'n begin gemaak is met die slaan van die nuwe 5 sent nikkel- en 2 sent bronsmuntstukke.

Die volgende is 'n vergelykende tabel van nuwe munt wat van die Aamuntingsafdeling ontvang en deur die Muntkantoor uitgereik is:

Waarde van goud, silwer en bronsmunt (1c - 1/2c) van Aamuntingsafdeling ontvang en aan banke ens. uitgereik.

Denominasie.	Ontvangste van die Aamuntingsafdeling gedurende		Aan banke, ens. uitgereik gedurende	
	1964/65	1963/64	1964/65	1963/64
	R c	R c	R c	R c
GOUD:				
Twee Rand	15,988.00	11,254.00	19,728.00	13,666.00
Een Rand	9,866.00	6,531.00	9,629.00	6,534.00
SILWER:				
50 sent	21,364.00	120,047.00	68,563.50	80,350.00
20 sent	781,406.20	868,255.00	851,543.40	876,733.60
10 sent	311,184.40	344,066.10	381,285.30	313,902.30
5 sent	147,686.00	353,977.05	192,645.65	333,468.40
2 1/2 sent	515.72 1/2	1,099.85	2,871.62 1/2	371.40
BRONS:				
1 sent	101,040.28	92,691.41	105,188.01	101,812.73
1/2 sent	35,771.73	49,036.38	37,537.54	55,108.13 1/2
	1,424,822.33	1,846,957.79	1,668,992.02 1/2	1,781,846.56 1/2

Die uitreiking van £.s.d. munt was soos volg:

	£. s. d.		£. s. d.		£. s. d.
£1	860. 0. 0	5/-	100.10. 0	1d.	19. 7. 3
£1/2	349.10. 0	2/6	234. 2. 6	1/2d.	21. 1. 7 1/2
		2/-	22. 2. 0	1/4d.	11.11
		1/-	11.10. 0		
		6d.	5.11. 6		
		3d.	9,171.11. 6		
	£1,209.10. 0		£9,545. 7. 6		£41. 0. 9 1/2

Met die oorskakeling van die huidige silwer- en bronsmunt na suiwer nikkel en die ou £.s.d. brons allooi is die onderstaande munt vervaardig en 'n deel alreeds aan banke, ens. uitgereik.

Waarde van silwer-, nikkel- en bronsmunt (2c) van Aamuntingsafdeling ontvang en aan banke, ens. uitgereik:

Denominasie	Ontvangste R. c	Uitreikings R. c.
Silwer:		
Een Rand	85.00	85.00
Nikkel:		
50 Sent	274.00	27.00
20 Sent	-	-
10 Sent	256.00	30.90
5 Sent	316,664.80	193,045.05
Brons:		
2 Sent	164,210.02	86,717.82
1 Sent	-	-
	481,489.82	279,905.77

Munte vir Rhodesië vervaardig.

Denominasie	Gemunt- Aantal	Waarde £.s.d.
2/6	11,500,000	1,437,500.0.0
2/-	10,500,000	1,050,000.0.0
1/-	15,500,000	775,000.0.0
6d.	13,500,000	337,500.0.0
	51,000,000	3,600,000.0.0

Benewens bogenoemde munt is daar ook 2,048 viermuntstuk proefstelle (2/6 - 6d) vir Rhodesië vervaardig.

Proefmuntstukke en uitgesoekte 50c stukke.

Die Munt het 2,000 negemuntstuk proefstelle (R2 - $\frac{1}{2}$ c), 1,000 twee muntstuk proefstelle (R2 - R1), 16,948 sewemuntstuk proefstelle (50c - $\frac{1}{2}$ c) en 23,184 uitgesoekte 50c stukke vervaardig.

Intrekking van 800 STD silwermunt vir heraanmunting.

Sedert die oorskakeling na die laer 500-standaard in 1951 is 800-standaard munt soos volg ingetrek vir heraanmunting na 500-standaard munt:

1951-1963	R8,477,188.41
1963-1964	219,530.85
1964-1965	113,800.00 (Deur banke teruggestuur)
	<u>R8,810,519.26</u>

Ingeslote by bogenoemde syfers is 'n baie klein hoeveelheid 500-standaard munt wat in omloop geskend of deur brand beskadig is.

Intrekking van £.s.d. bronsmunt.

R23,175.00 van die £.s.d. bronsmunt is ingetrek vir hersmelting.

Nie-ysterhoudende muntmetaaltransaksies in die Muntkantoor.

Die volgende is (1) die ontvangste van en (2) die transaksies in die nie-ysterhoudende metale. Meeste hiervan is aan die Aanmuntingsafdeling uitgereik vir die vervaardiging van silwermunt, maar 'n klein hoeveelheid koper is vir die legering van goud uitgereik.

(1) Ontvangste van nie-ysterhoudende metale (in lb. avoirdupois)

<u>Koper</u>	<u>Geelkoper</u>	<u>Totaal</u>
51,851.00	150.00	52,001.00

(2) Nie-ysterhoudende metaaltransaksies.

	<u>Lb.</u>
Aan Aanmuntingsafdeling vir silwermunt uitgereik	56,576.49
Gewig van bronsmunt van Aanmuntingsafdeling ontvang (insluitende 2c brons)	372,127.55
Gewig van metale vir legerings uitgereik	616.79
	<u>429,320.83</u>

Om ekonomiese redes is alle bronsmuntskyfies vir aanmunting deur die Ammunisiestak voorsien.

Verpakking- en Versendingsafdeling.

Die aantal pakkies wat per pos en per spoor versend is in vergelyking met die versendings gedurende die vorige jaar was:-

	1964/1965	1963/1964
Pakkette per pos versend	8,092	4,942
Pakkette (nie munt nie) per spoor versend	173 (446 lb)	638 (11,340 lb)
Kaste munt per spoor versend	3,328 (376,953 lb)	4,535 (525,945 lb)
Rhodesiese munt per spoor versend	7,200 (1,080,000 lb)	-
Sakkies Munt per spoor versend	9,635 (61,245 lb)	-

HOOFSTUK 5 : MUNT-MUSEUM EN BIBLIOTHEEK.

Die aktiwiteite van die Museum was gedurende die jaar baie beperk en geen aankope is gedoen nie.

Die volgende skenkings is ontvang:-

Japanese Munt, Osaka, Japan 2 stelle muntstukke
(7 munte per stel)

'n Skenking van een proefstel van die nuwe muntstukke (R1 silwer, 50c, 20c, 10c en 5c in nikkel, 2c en 1c in brons) is aan die volgende Munte gemaak:

Australia, Engeland, Finland, Frankryk, Italië,
Kanada, Spanje, Switserland, Verenigde State van
Amerika, Wes Duitsland.

HOOFSTUK 6 : AANMUNTINGSAFDELING.

Produksie in die Smelt-, Plet-, Aanmuntings- en Stempel- en Medalje-afdelings.

Smeltafdeling:

Die volgende is tabelle van smeltaktiwiteite:

Metale en legerings gesmelt (opbrengs).

<u>Brons:</u>	Muntbrons gesmelt	10,444.00 lb.
<u>Silwer:</u>	500 Std silwer vir munt	3,681,226.50 onse
	925 Std silwer vir S. en M.	33,446.52 onse
	Fyn silwerkorrels	370,610.46 onse
		<u>4,085,283.48 onse</u>
<u>Goud:</u>	Fyn goudkorrels	3,225.56 onse
	22 Kt. goudkorrels	24,099.80 onse
	18 Kt. goudkorrels en stawe	3,493.11 onse
	9 Kt. goudkorrels en stawe ..	14,586.20 onse
		<u>45,404.67 onse</u>

Pletaafdeling:

Die produksie in hierdie afdeling was: 2,046,006 lb. kupro-nikkel, wat na die nodige dikte gerol, gepons, uitgegloeï en skoongemaak is om te voldoen aan 'n bestelling van 51 miljoen munte vir Rhodesia. Hierby moet gevoeg word 5,073,526 onse 500 Std. silwer wat gerol en tot skywe omskep is en 8,210,531 van die nuwe 2c skywe wat uitgegloeï en skoongemaak is.

Dit gee 'n totaal van bykans 90 miljoen muntskywe van verskillende denominasies wat in hierdie afdeling gehanteer is.

Aanmuntingsafdeling:

'n Totaal van 92,865,318 muntstukke is gemunt.

Agt nuwe aanmuntingsperse, t.w. 6 H.M.E. en 2 Schuler, is aan die einde van hierdie boekjaar geïnstalleer en in werking gestel.

Denominasie	Stawe Gegiet Onse	Stawe Geplet Onse	Muntstukke Geslaan Onse	GOEIE MUNTSTUKKE VERVAARDIG	
				1964-1965 Aantal Stukke	1963-1964 Aantal Stukke
GOUD:					
2R			2,052.99	7,994	5,627
1R			1,267.36	9,866	6,531
			3,320.35	17,860	12,158
800 STD SILWER:					
R1			41.20	85	-
			41.20	85	-
500 STD SILWER:					
50c			38,776.80	42,728	240,094
20c	2,681,902.07	3,157,371.28	1,409,793.05	3,907,031	4,341,275
10c	767,848.72	852,333.62	530,781.62	3,111,844	3,440,661
5c	231,475.71	1,063,857.40	280,758.19	2,953,720	7,079,541
2½c			844.46	20,629	4,430
	3,681,226.50	5,073,562.30	2,260,954.12	10,035,952	15,106,001
BRONS:	LB.	LB.	LB.		
1c			210,591.05	10,104,028	9,269,141
½c			89,201.26	7,154,346	9,807,276
			299,792.31	17,258,374	19,076,417
NIKKEL:			ONSE.		
50c			167.20	508	
20c			49.28	256	
10c			329.86	1,560	
5c			509,730.52	6,332,000	
			510,276.86	6,334,324	
BRONS- MUNT:			LB.		
2c			75,500	8,210,531	
			75,500	8,210,531	
K/N RHO- DESIA:		LB.	ONSE.		
2/6		1,118,318.88	5,636,721.83	11,502,048	
2/-		466,713.93	3,304,566.35	10,502,048	
1/-		374,083.00	2,803,353.40	15,502,048	
6d.		86,890.00	1,309,200.87	13,502,048	
		2,046,005.81	13,053,842.45	51,008,192	
GROOT TOTAAL:				92,865,318	34,194,576

PROEF MUNTSTUKKE GESLAAN EN AAN MUNTkantoor GELEWER:

R2 en R1	=	1000 Stelle
R2 - $\frac{1}{2}$ c	=	1921 "
50c - $\frac{1}{2}$ c	=	16948 "
50c Uitgesoek	=	23184 "

HOOFSTUK 7 : STEMPEL- EN MEDALJE- EN ALGEMENE-PERSAFDELINGS.

Die aantal eenhede wat in hierdie afdelings vervaardig is, is soos volg:-

Stempels	3,964 eenhede
Medaljes en kentekens	19,369 eenhede
Verskillende juweliersartikels	9,732 eenhede
Oorplaatjies, ens.	101,660 eenhede
Totaal ...	<u>134,725 eenhede</u>

HOOFSTUK 8 : INGENIEURS- EN INSTANDHOUDINGSafdeling.

Die afdeling was voltyds besig met die instandhouding van masjinerie en uitrusting, dienste aan die fabriek en voorsiening van gereedskap vir aanmuntings- en uitponsperse.

Daarbenewens het die afdeling die volgende installerings gedoen:-

Nuwe kupelleeroond in die Essai-afdeling, 7 Taylor & Challen muntperse in die vroeëre telkamer, fondamente vir 8 nuwe muntperse in die Aanmuntingsafdeling, ses nuwe H.M.E. perse in Aanmuntingsafdeling, nuwe lugkompressor en pypeleiding vir Aanmuntingsafdeling, twee nuwe randopstootmasjiene in die Rolkamer, nuwe ysterskaafmasjiene en slypmasjiene in Instandhoudingsafdeling en nuwe draaibank in die Stempel- en Medalje-afdeling. Die vorige gereedskapkamer is afgeskort van die Algemene Persafdeling en die vensters is met gaasdraad bedek om 'n magasyn vir muntskywe te vorm.

'n 400 Ton hidroliese pers is deur die verskaffers in die Stempel- en Medalje-afdeling geïnstalleer.

Die volgende take is deur die Departement van Openbare Werke verrig:-

Nuwe muntklankkamers is opgerig en die damesruskamer in die Aanmuntingsafdeling is vergroot. Nuwe vloere is ingesit in die No. 2 Rolkamer en die suidelike gedeelte van die hoofgang. Wasbakke is geïnstalleer in die Aanmuntings- en Rolkamer kantore. Elektriese kragtoevoer is aangebring vir die nuwe muntperse en nuwe buisligte is in die Aanmuntingsafdeling aangebring.

HOOFSTUK 9 : ESSAIKANTOOR.

Die volgende opsomming toon die werk aan wat deur die Essai-kantoor-personeel verrig is:-

Smelt en herwinning van edelmetale:-

Goud Onse Troy.	Silwer Onse Troy.	Beskrywing van Smeltsels
817.10		Stawe vir Muntkantoor.
84.47	415.37	Herwinnings vir Muntkantoor.
539.17		Stawe vir Kenteken- en Medalje-afdeling
203.51	528.94	Herwinnings vir Kenteken- en Medalje-afdeling
1644.25	944.31	

Ontleding van Edelmetale:-

<u>Goud:</u>	Muntkantoor	351 monsters
	S.A. Buro van Standaarde	<u>217</u> monsters
		568 monsters
<u>Silwer:</u>	Stawe	1612 monsters
	Muntsel	470 monsters
	Muntkantoor, Kenteken- en Medalje-afdeling	30 monsters
	S.A. Buro van Standaarde	<u>75</u> monsters
		2187 monsters

Vyf goudmonsters wat deur die S.A. Buro van Standaarde vir ontleding ingestuur is, is benede standaard gevind.

Verdagte Vervalste Munt:-

Agt muntstukke is ingehandig as verdagte vervalste munt. Na ondersoek is vasgestel dat vyf wel vervals was.

Algemene Skeikundige Ontledings:

Prospekteerwerk:

Vier-en-sestig monsters is ontvang waarop 164 bepalinge gedoen is.

Gedurende Maart 1965 is daar begin met die analise van nikkel muntplaatjies. Voorheen was dit by die Ammunisie-tak laboratorium gedoen.

Onwettige Goudhandel:

Ontledings is gedoen op 583 stukke in 331 hofsake vir die S.A. Polisie se goudafdeling. 262 Goudstukke is gemaak vir lokvaldoeleindes.

In twee gevalle is skeikundiges gedagvaar om getuie-nis in die Gereghof af te lê.

Verskeie:

803 Silwermuntstukke en 4 stelle munt is vir die Muntkantoor skoongemaak.

Personeel:

Mnr. D.M. Steenkamp, Hoof Vakkundige Beampte, en mnr. C.J. Jansen het op 1 Desember 1964 diens aanvaar by die Krygstuigproduksieraad. Mnr. L.J. Johnson, wat mnr. Steenkamp opgevolg het, is op 21 Maart 1965 oorlede.


DIREKTEUR VAN DIE S.A. MUNT.